

**Skriflesing:** Lukas 2:1-7

Teks: **Lukas 2:7...en Hom toegedraai in doeke...**

**Sing: Ps. 45:12,13; Ps. 133:1,2; Ps. 96:1,5; Sb. 9:5**

Broeder en suster, wanneer ons van die geboorte van Jesus Christus lees, dan beseef ons dat ons staan voor die Kind van God, Hy wat as tweede Adam na ons gekom het. Hy is God en Hy is mens. In ons teks staan hier eintlik iets aangrypend. In die weke voor Kersfees waar mense met geskenke en liggies en boompies en prentjies hulle huise inkleur moet ons vanoggend 'n baie beter ingekleurde prent vanuit God se Woord ons lewens laat inkleur. Klere aan jou lyf is ook 'n saak van inkleur. Klere dra kleur, maar dit wil ook beklee, bedek, beskerm. Wanneer Jesus in doeke toegedraai word, as klein pasgebore babatjie, dan is agter daardie doeke wat as sy bekleding moes dien 'n verhaal wat die Kersverhaal sy ware kleure moet gee.

\*\*\*

Eintlik staan hier in die Grieks, die oorspronklike taal van die Nuwe Testament iets besonder. Die vertalings, ingesluit die Afrikaanse vertalings, het die Griekse woord ἐσπαργάνωσεν eintlik met 'n groot mate van vryheid vertaal. In die Grieks is hier nie sprake van doeke nie. Nee, dit is afgelei. Die enkele Griekse woord wat ons hier lees kom van die woord- σπαργανώω wat direk vertaal, meer iets beteken van om iemand "in te baker". Meer letterlik sou ons kon vertaal dat Maria het Jesus ingebaker, hom sorgsaam toegedraai. In die HAT staan die betekenis vir *inbaker*- In babaklere inwikkel. 'n Kind teen die koue inbaker... Die feit dat mens kan aflei dit wel stroke lap sou wees, linne, of dan nou doeke, is heel verantwoord.

Wat nie verantwoord is nie en dit is ongelukkig wat baie keer met die Kersverhaal en die geboorte van Christus gedoen word, dit word geromantiseer. Die doeke was beslis nie 'n bewys dat Josef en Maria baie arm was en dat hulle nie vir hierdie Kindjie na behore klere kon koop nie. Baie stories om Kersfees geskryf sal jou nog wil vertel die lappe was stukkend, was vodde. Nee, dat Josef en Maria beslis nie vooraanstaande ryk mense was nie, is só, maar Josef was 'n man met 'n ambag en sy beroep het hy getrou gedoen. Sy werk as timmerman het hom nie baie geld sou inbring nie, maar vir kos en klere sou hy sorg. Nooit sou Jesus na sy kind-wees en mens-wees ondervoed, swak geklee as straatkind Nasaret se strate ingaan nie. Só sou Hy ook nie gebore word nie. Die doeke wat die Grieks nie van praat nie, is nie bewys van armoede nie, maar die feit dat Maria haar Kindjie moes inbaker, Hom in

doeke moes toedraai, dra geen materiële of sosio-kulturele betekenis nie, maar is elke deel van hierdie verhaal sosio-histories, heilshistories vol van betekenis.

\*\*\*

Hy moes ingebaker word, toegedraai word omdat Hy as tweede Adam ingelyf sou wees by wat met ons as mense gebeur het. So dikwels soos met die Evangelie van Christus se geboorte die geval is, kan ons die geboorte van Christus nie van Genesis 1-3 losmaak nie. Christus moes ingebaker word, in doeke toegedraai word, want sy koms was in die gelykheid van die sondige vlees van ons as mense. Die gevolg van ons sonde het gemaak dat mense beklee moet word. Toe Hy sy moederskoot verlaat, ja as babatjie gebore, in elke opsig was dit 'n koms as mens, maar elke oomblik van mens-wees, was vir Hom lyding gewees. Meer as net aardse seerkry, hy ly nie maar aardse lyding nie, dit is hemelse lyding op aarde... Hier staan hemel en aarde bymekaar, hemel en aarde is op 'n besondere manier aan mekaar gebind as dit Kersfees is. Soos wat iemand (dr. JP Bingle) onlangs aangrypend hierdie gebeure rondom Kersfees opgesom het, was dat God het Hom uit sy hemelse woning op aarde, kom aard.

Die aarde, die wêreld met sy volle windrigtings is hierby ingesluit. Uit die noorde, van Rome kom die opdrag van keiser Augustus dat die hele wêreld ingeskryf moes word, vir Josef en Maria was die opdrag, 'n opdrag uit die noorde. Dan moet Josef met die vêrswanger Maria, ook 'n windrigting inbeweeg. Hulle moes van die weste kom, uit Nasaret na Bethlehem. Die noorde is daar, keiser Augustus se opdrag, die weste is daar, Josef en Maria kom van wes, die ooste sal kom, wyse manne uit die ooste sien 'n ster en sien die Kind. Die ooste is daar. Nou die vraag wat die suide moet antwoord. U en ek vandag, ons almal suid van Bethlehem, ja vêr suid, in die suidpunt van Afrika is ons by Bethlehem nie uitgesluit nie, ons is nie uitgesluit by Hom wat ingebaker moes word nie. In doeke toegedraai...

\*\*\*

Dit wat die doeke beteken, staan gebind aan Genesis 3. Die mens voor die sondeval het nie klere aangehad nie. Klere kom na die sonde! Toe die eerste mens Adam sondig, eers toe word hy en sy vrou bewus van ek is naak. Adam sê ook sy naaktheid het gemaak dat hy wou gaan wegkruip. Gen. 3:10- *Ek het u geruis gehoor in die tuin en gevrees, want ek is naak; daarom het ek my verberg.* Dit het ook gemaak dat hulle vyeblare aanmekaar gewerk het en vir hulle skorte gemaak het. Geliefdes, dit alles opgesom het die mens gebring by die soeke na bedekking. Die feit dat die mens hom/haar voor God wou probeer wegsteek en dan

nog agter skorte vyeblare voor God verskyn, is alles en alles bewys van ons sonde. Dit is 'n beskuldiging teen die mens gewees, maar terselfdertyd ook 'n erkenning van ons skuld.

Wanneer Jesus as mens in die wêreld kom, dan het Hy geen sonde nie. Hy hoef Hom nie vir God te verberg nie. Dit is nie nodig dat Maria na 'n bedekking moet soek sodat haar Kind vanweë sy sonde so gou as moontlik bekleed moet wees nie. Dit was nie nodig nie, maar dit maak Jesus ons Verlosser van die begin af. Hy het gekom in die gelykheid van die sondige vlees. Hy het gekom vir mense uit alle windrigtings, Hy het gekom om vir ons sonde te ly, die oomblik as daar materiaal aan sy lyf raak, is dit alreeds lyding gewees, lyding wat Hy namens ons op Hom moes neem. Hy wat nie sonde het nie moes wel die gevolg van ons sondes dra.

Daardie “inbakering”, die toedraai in doeke, is 'n bewys dat sy lyding het begin onmiddellik by sy geboorte. Daar was in Bethlehem nie plek waar Hy gebore kon word nie. Hy moes gebore word waar diere eet en slaap. Alles as deel van die straf wat op ons moes kom. Die eerste mense Adam en Eva is as bannelinge die paradys uit, hulle moes daar weg. So het Jesus, Adam en Eva, u en my lewens moes oorneem, as Banneling het Jesus later van sy lewe gesê - *Die jakkalse het gate en die voëls van die hemel neste, maar die Seun van die mens het geen plek waar Hy sy hoof kan neerlê nie*- (Matt.8:20; Luk. 9:58). Die plek waar Hy wel sy hoof sou neerlê was die kruis, maar sy kruis het al by die krip begin. Oor die krip hang die skaduwee van die kruis. Daardie toedraai in doeke was eintlik 'n indraai in ons sonde, terwyl Hyself sonder sonde gebore is, nooit het Hyself gesondig nie.

\*\*\*

Maar nou staan die doeke nie los van God sy Vader nie. Die doeke teken die sonde, maar dieselfde doeke bring ons weer terug na die ander kant van Genesis 3. God se genade! Toe Adam en Eva voor God met hulle skorte vyeblare moes staan, wat doen God? Hy het dit nie van hulle lywe afgeruk nie. In God se toorn het Hy die reg daartoe gehad. God ruk nie die vyeblare af dat hierdie twee in skaamte daar voor God moes bly staan nie, nêe God doen dit nie. God doen wat ons as genade moet sien. Hy is lankmoedig van die begin af. Adam en Eva se klere, hulle bedekking, hulle “doeke” wat maar vyeblare was, word deur die genade van God vervang met wat baie beter is, maar waarvoor daar bloed moes vloei. Klere van vel, maar om die vel te kry moes daar betaal word, diere sou moes geslag word.

Die kleding by Adam en Eva dra dubbele bekleding, dubbele betekenis. Dit teken ons sonde maar dit teken ook God se genade. Dit wat Maria nou doen, sy het Jesus ingebaker, Hom in doeke toegedraai, dit laat God ons raaksien wat daar in Esegïël 16 ook geskryf staan- v.10. *Ook het Ek jou beklee met veelkleurige klere en vir jou skoene van robbevel gemaak, en Ek het jou gehul in fyn linne en jou oordek met sy.* Esegïël begin hierdie klere deur eintlik te wys dat Israel soos 'n babatjie gebore weggegooi in die veld, uit die veld gehaal is. Eseg.16:8-9

**8** .... *Toe het Ek my vleuel oor jou uitgesprei en jou naaktheid togedek. Ja, Ek het vir jou gesweer en met jou 'n verbond aangegaan, spreek die Here HERE, en jy het myne geword.* **9** *Daarop het Ek jou met water gewas en jou bloed van jou afgespoel en jou met olie gesalf...* Esegïël teken die verhaal van wat sonde is, wat sonde doen, wat die gevolge van die sonde is, dit terwyl die versorging van 'n pasgebore kind wys hoe God die klere in kleure van verskeidenheid kan aantrek. Die doeke is maar deel daarvan... *beklee met veelkleurige klere en vir jou skoene van robbevel gemaak, en Ek het jou gehul in fyn linne en jou oordek met sy.*

Ons kan in hierdie weke Kersfees vier met verskeidenheid. Die kleure van ons klere sluit aan by Esegïël se verskeidenheid, daar is syklere, linneklere, ja as ons uit verskillende klere kan kies, wat wil ek vandag aantrek, is dit kerklere, is dit rouklere, is dit feesklere, die menslike kleed is vol verskeidenheid en dit maak dat ons God se genade in sy verskeidenheid in sy grootheid moet raaksien. Klere dui op waardigheid, mense meet rykdom aan klere, maar dit kan ook voorwerp van bespotting word. Wanneer Dawid sy dienaars na Hanun stuur, dan gryp die dienaars van Hanun hierdie dienaars aan hulle klere – ons lees in 1 Kron.19:4- *Daarop neem Hanun die dienaars van Dawid en skeer hulle en sny hulle klere in die helfte af tot by die sitplek, en hy het hulle laat gaan.* Hierdie klere wat so geskeur was dat hulle eintlik nie na behore bedek was nie, maak die dienaars skaam. Klere wat word voorwerp van vernedering, terwyl dit eintlik genade en bedekking moet beteken.

\*\*\*

En nou met die dienaars van Dawid se klere van hulle afgeskeur, terwyl God sy kinders aantrek, terwyl God se Seun in doeke toegedraai in die krip neergelê word, laat ons dadelik besef die vernedering dat Hy in 'n krip moes lê sou groter en groter word. Dit sou word dat die Seun van God se klere van Hom afgeskeur sou word. God doen dit nie aan die mens wat gesondig het nie, nee God gee die mens nog beter klere, maar die mens skeur Jesus se klere van Hom af. Aan die kruis by Golgota moes Jesus spot klere dra, 'n doringkroon op sy kop, sy klere word uitgetrek en verdeel en sy onderkleed wat in een stuk geweef was, word ook

afgetrek, dit skeur die mens nie, daarvoor word die lot gewerp. Dit was te mooi om te skeur, maar Jesus moet daarsonder... Hy moet geskeur word, watter vernedering het sy lyding nie alles ingesluit nie. Die doeke om sy baba lyfie was al die begin daarvan.

Naak het Hy gekruisig gehang, vir Hom was daar geen bedekking nie, in alles blootgestel, ja God het Hom verlaat, vir Hom was daar geen inbakering meer nie, sodat Hy kon betaal, ja sodat Hy kon word ons bedekking. Die bedekking vir ons sonde.

Wanneer ons Maria sien wat die Kind toedraai, dan was die doeke maar net tydelik, dit was maar net iets van 'n uitweg. Die stal was ook net tydelike uitweg, 'n oomblik se plek om die kop neer te lê, omdat daar eintlik geen plek vir Hom in die herberg was nie. Hierdie tydelike uitweg, dit wat as uitstel op die straf moes dien, laat ons na ons lewe kyk. Ons is tydelik hier op aarde. Ons trek elke dag aan, ons moet aangetrek wees, ons word selfs bekleed begrawe en die dag van die finale oordeel, dan sal ons nie agter ons klere voor God kan skuil nie. Soos ons voor God sal verskyn sal al die tydelike beskuttings en bedekkinge en tydelike blyplekke niks meer beteken nie, dan is daar nie meer die uitweg na vyeblare of dan klere van vel nie, dan sal mense uitroep omdat daar geen bedekking vir die mens lyk te wees nie- Luk. 23:30 <sup>30</sup>  
*Dan sal hulle vir die berge begin sê: Val op ons! en vir die heuwels: Bedek ons!*

Selfs die berge en die heuwels sal ons dan nie kan bedek nie, niks sal die mens teen die toorn van God kan bedek nie. Weet u broeder en suster, dan sal net Hy wat met doeke toegedraai was ons bedekking kan wees. Hy van Wie alle bedekking weggeneem was, wanneer Hy vir u intree, wanneer Hy u bedek, dan is dit al wat ons nodig het. Die Kategismus stel dit aangrypend- as ons kom by die vraag – Sondag 14/V/A 36- *Vraag: **Watter nut verkry jy uit die heilige ontvangenis en geboorte van Christus?*** Antwoord: **Dat Hy ons Middelaar is, en met sy onskuld en volkome heiligheid my sonde waarin ek ontvang en gebore is, voor God bedek**. By verlede Sondag se Nagmaal het ons hierdie bedekking nog weer kon beleef- as Sondag 30 V/A 81 ons vra- 81 *Wie moet na die nagmaalstafel van die Here kom?* Antwoord: **Hulle wat vanweë hulle sondes 'n afkeer van hulleself het, maar tog vertrou dat dit hulle om Christus wil vergewe is en dat die swakhede wat nog oor is, met sy lyding en sterwe bedek is**. Christus het ons bedek... Hy het ons bedekking kon word toe Hyself geen bedekking gehad het nie. Sy klere is afgeruk, vir Hom was daar geen uitweg of enige versagting nie. Die doeke by die krip is die begin van ons verlossing waar Hy alle bedekking sou moes verloor.

\*\*\*

Dieselfde doeke laat ons besef hoe nodig ons dit het dat daar vir ons bedekking moet wees. Ons regverdigmaking, is om met Christus se bloed gereinig te wees. Ons heiligmaking is om deur die Gees van Christus gewas te word. Ons kan bekleed wees, ons moet bekleed wees, anders het ons geen bedekking voor God nie. Die wonder van God se genade is Sy bedekking vir u en my. Vanaf Genesis loop die lyn- en elke keer is dit net moontlik om in Christus, in sy bloed, deur sy Gees bedek te wees. Gal3:27 staan- -<sup>27</sup> *want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus bekleed.*

Ons is bekleed hierdie Kersfees, ja mag dit ons groot gedagte wees- ek kan bedek wees, wat om baie meer gaan as om 'n tafel swaar gedek- Dit gaan om die ware bekleding waar die doeke net ietsie van was- In Kol 3 lees ons van hoe om in hierdie tyd geklee te wees- vv.10,12 en 14... v.10- **10** *en julle jul met die nuwe mens bekleed het wat vernuwe word tot kennis na die beeld van sy Skepper...* **12** *Beklee julle dan, as uitverkorenes van God, heiliges en geliefdes, met innerlike ontferming, goedertierenheid, nederigheid, sagmoedigheid, lankmoedigheid....* **14** *En bekleed julle bo dit alles met die liefde wat die band van die volmaaktheid is.* Dit is hoe ons die doeke om onself moet draai, dit waarmee ons ingebaker moet wees. Verdraagsaamheid, vergewensgesindheid, liefde, vrede en dankbaar. Mag dit die verskeidenheid van klere wees wat u die tyd wil aantrek. . In Galasiërs 5 word dit voorgestel dat ons die nuwe klere wat Christus nou vir ons het, kan aantrek. Die Heilige Gees maak dit moontlik.

In Openbaring staan dat die kerk aan haar trourok moet werk. Op.19:8 **8** *En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges.* Geliefdes dit wat ons vandag hoor dat Jesus in doeke toegedraai was, het baie met bekleding te doen. Met u en my bekleding. Die doeke van Jesus in die krip wil jou en my aan ons bedekking herinner. Ons klere wat maar net bewys is van ons sonde. As ons nou ook hierna 'n kindjie gaan doop. Sy dra doopklere, maar sy gaan water op haar voorkop dra, as teken van haar regverdigmaking, haar heiligmaking, as teken dat Christus haar wil bedek. Christus wil die gedooptes bekleed. Ons lees weer Gal 3:27-<sup>27</sup> *want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus bekleed.* Nou moet ons verder gaan, geklee, bedek in Christus, waar Hy met 'n paar doeke om sy lyfie ingebaker moet wees, dat Hy ons kan inbaker, by Hom kon inlyf.

AMEN